Resensie

Marita van der Vyver 1992. Griet skryf 'n sprokie

Kaapstad : Tafelberguitgewers. R39,95 by CNA.

Die sprokie wat Griet geskryf het

- Dawie Steenberg

1. Inleidend

Die goeie ou Afrikaanse uitroep *Grote Griet*! sal dalk in die toekoms 'n meer literêre kleur kry, want pas in April van 1992 is die Eugêne Maraisprys vir prosa toegeken aan die kortverhaalbundel *Dulle Griet* van Riana Scheepers van Kaapstad (uitgegee deur Tafelberg-uitgewers), en die prys is op 18 September met luister in Stellenbosch aan haar oorhandig. Maar daar is ook 'n tweede minstens ewe groot Griet – ek bedoel nie *Die tweede Grieta*, die een wat in 1912 gebore is uit die pen van J.H.H. de Waal nie – wel *Griet skryf 'n sprokie* deur Marita van der Vyver, uitgegee deur Tafelberg-uitgewers in 1992 en eksklusief versprei deur CNA teen R39.95. 'Familie' is die twee jongste Griete wel, in die sin dat albei name is vir ontredderde (dolende?) vroue: Dulle Griet word 'n versamelnaam vir die galery vroue in daardie verhale, ontleen aan die skildery van Pieter Bruegel die ouere, wat op die voorblad van die Scheepers-bundel verskyn. Die Griet van die baie sprokies verwys eerder na Sint Magriet, die vrou van Joris, die beskermheilige van Engeland, wat min of meer die soort feminisme van Marita van der Vyver verteenwoordig. Maar Griet ('n fiktiewe karakter, van outobiografiese oorsprong uit die verteller, volgens p. 163); is ook 'n Afrikaanse vrouenaam wat iets van *Marita* verteenwoordig, in ooreenstemming met die titelblad, of met Grietjie en Hansie in hierdie volgorde (72), in ooreenstemming met die gees van Wilma Stockenström se bekende feministiese romantitel *Eers Linkie, dan Johanna*. Dan het hierdie twee Griete nog 'n vroulike familielid in die karakter Leonie in *Wolftyd* van Anna M. Louw, wat in haar ontreddering na haar man se dood verlief raak op 'n jong kunstenaar. Maar Griet, die "ontsnapte" kinderlose stiefma? Jans, die man wat haar die beste ken, assosieer haar met 'n bekende blom: wildemagriet.

2. Die wêreld van hierdie populêre *Griet*

Daar is wel 'n enkele literêre term waarmee hierdie teks getipeer sou kon word: *postmodernisties*, want dit is waar dat Van der Vyver se roman 'n leser nie onveranderd laat nie. 'n Mens vind gou uit die roman en sy wêreld is die beste beskryfbaar in paradoksale terme of deur middel van antonieme. Hierdie wêreld is tegelyk uiters eenvoudig en uiters verwikkeld, realisties maar vol fantasie, deursigtig en plat maar ook uiters ryk aan literêre kultuur, banaal maar vol skoonheid, geestig geskryf maar tog met 'n lewenserns. Les bes is dit 'n roman met min lesersweerstand en wat inderdaad roep om gelees te word, maar waarvan 'n mens nie so geredelik erken dat jy dit gelees het nie. Hierdie markgerigtheid of

sosialisering van storiemateriaal, geïntegreer in 'n teks met soveel intertekstuele verbande, is inderdaad kenmerke van 'n postmodernistiese teks. Filosofies het 'n bekende denker soos Nicholas Wolterstorf tekste van hierdie aard al in sy Europese verband beskryf as tipies van die era na die Verligting, wat die Wes-Europese kultuur en denke die afgelope eeue oorheers het.

3. Griet se wêreld: 'n huis van die muse?

Maar wat hier bo staan, is 'n kyk van buite op die wêreld van die boek. Hoe kan 'n mens jou dit van binne voorstel? Op die grondslag van ouma Hannie se "Huis van sintuie" (37), sou 'n mens die boek 'n "Huis van die muse" kon noem, 'n wêreld waarin bestaande verbande tussen dinge losgemaak word, 'n wêreld wat berus op "absurde situasies en anachronismes" (15). Hierdie situasies word waargeneem met 'n dwelmeffek, sodat 'n verpleegster bo die sieke se bed opstyg en by die kamer uitsweef (34) en 'n fetus ewe maklik verander word in "Duimpie" (33). Die kyk in hierdie wêreld is van so 'n aard dat 'n man wat in 'n los jurk teen die lig in 'n deurkosyn verskyn maklik die skyn van 'n hemelse verskyning kry (83). Die naam *Adam* gee aan hom dieselfde magiese waarde en maak verdere assosiasies in die borduur van hierdie woordnetwerk moontlik.

4. Dekadente

Op die keper beskou, staan hierdie verhaal in die teken van die dekadente tradisie, wat ons veral ken uit die werk van die Engelse Oscar Wilde en die Nederlandse Louis Couperus en Jacob Israel de Haan; in Afrikaans, om nie verder moeilikheid te soek nie, minstens Hennie Aucamp, onder andere in die bundel met die tipiese titel *Hongerblom*. In *Griet skryf 'n sprokie* word vertel vanuit die situasie van "Griet Swart met 'n identiteitskrisis" (104), die glasgooier in 'n gebroke huwelik (146), 'n desperate kop-in-die-oond-meisie, wat nie meer die wêreld "rooskleurig" (30) kan sien soos vroeër nie, en sprokies spin om staande te bly (63) – 'n magtige motivering vir verhaalskryf! Omgekeerd: Die onaangename word omgewerk tot die skone, en dit is wat die dekadente kunstradisie werklik behels. Die literêre geldigheid van so 'n benadering word op meer as een wyse vasgelê in 'n saaklike rapport oor Griet se gedagtes in die bed:

> Ná duisende jare van filosofie en logika, bespiegel Griet in haar bed langs 'n man wat sy skaars ken, staan die Westerse beskawing steeds magteloos voor die dierlikheid van die mens (102).

Inderdaad word verwys na die leefwyse van ouma Hannie se broer, wat ooreenstem met dié van die aartsdekadent, die keiser Heliogabalus, wat 'n skone hoë toring gebou het en, na verwerping deur die volk, daar afgespring en selfmoord gepleeg het. Ouma Hannie se broer het in sy toring geklim toe 'n sirkus verby kom, en gestruikel en sy nek gebreek (kyk 29 en 74). Dat dekadensie met hoogmoed en val te doen het, blyk uit die verwysing na die selfmoord van die dekadente priester (72). Sy pessimisme word eintlik geëwenaar deur 'n redenasie wat Griet voer en wat tot die geel agterblad van die boek verhef word:

> Wat bly oor ... om die lewe die moeite werd te maak? Sigarette gee jou longkanker, dagga maak jou dom, koffie ...

Daar word dit aangevul deur die tikkie galgefeminisme (net soos die onbewuste selfmoord-obsessie met die oond – aartsfeministiese simbool) wat by Griet te bespeur is:

> Mans pleeg selfmoord op die manier waarop hulle kos maak – dramaties en morsig ... Seker omdat hulle weet hulle hoef nie agterna skoon te maak nie. Daar sal altyd 'n vrou wees om dit te doen.

Die aanbod van hierdie dekadente beelde dui egter reeds op 'n vertelhouding teen die dekadente. Ook die oorweging van 'n dekadente leefwyse as oplossing (173) en implisiete verwerping daarvan toon hierdie houding.

5. Grensloosheid

Miskien is dit beter om na aanleiding van Griet se tante se huis aan die wêreld in hierdie roman te dink as 'n "huis van sintuie" selfs 'n "huis van sinne", want die verstommendste en moontlik die verwarrendste kenmerk daarvan is die afbreek van grense daarin, 'n aspek van ons tydgees wat filosowe en ander denkers van ons tyd ook dikwels besighou. Want van die religieuse (geloof, bygeloof en okkulte) en die sinnelike, van hier en nou en van ewigheid, word in een asem gepraat: Wat hier al vertellende gemaak word, is 'n wêreld van die woord, wat nie eintlik na 'n ander wêreld wil verwys nie maar self iets wil word. Massas stories en kennis van hekse tot engele, van prinse tot towenaars, word gebruik om hierdie boekwêreld iets te laat word – sekerlik tot onsteltenis van lesers wat nie alles so kan saamdink nie en/of met mekaar kan versoen nie. Van belang is dat die doel nie is om die verwikkeldheid van 'n bekende wêreld óór te maak nie maar om iets nuuts te maak in 'n nuwe sprokie, waarin Slimgriet en haar prins in liefdesekstase kan vlieg (198).

In hierdie proses speel nie net verbeelding – die gawe van die goeie fee op Doringrosie se doopfees (68) – 'n rol nie maar ook taalimprovisasie, soos die spel met "Engelse aksent" en "engel se aksent", met "heksekantoor" en "heks wat kan toor" (91). Vandaar die toegewing aan die dekadente in die taalgebruik teenoor die funksioneel beheerste woordgebruik.

6. Fantasie/ kuns / optimisme

Hierdie sprokies-maak, opgaan in verbeeldingsvlugte van die kuns is hoeka die teenkant van die munt van die dekadente literatuur, reeds byna 'n eeu al versier met 'n eie ismeterm: estetisisme. Toevlug tot die fantasie van die sprokie – grieselsprokies, raaiselsprokies, duiselsprokies – omskep stap vir stap die bose in die dekadensie tot blomme (in die woorde van die Franse dekadentis Charles Baudelaire van 1857) of, in die wêreld van Griet, 'n kakkerlak in die mikrogolfoond tot die klank van 'n kriek. Aansteeklik en die belangrikste en opwindendste kenmerk van hierdie omwerking van die dekadente, is die humor en sprankel waarmee dit aangebied word en waarmee die leser se werklikheidsvisie verryk word.

7. Gang van die storie

Die implisiete ontwikkeling verskuil in die outeur se rangskikking van belewenisse is die opsigtelikste in die uitgestelde kennismaking met George, die ongewenste eggenoot. Die leser maak met hom kennis eers in die helfte van die derde afdeling in die hoofstuk "Hoeveel prinsesse kan op die punt van 'n naald dans?" (156). Hierdie werkwyse stem ooreen met Anna M. Louw se *Wolftyd*, waar die gestorwe eggenoot ook eers laat in die roman begin 'lewe' as Leonie op sy spoor terugreis na Nazi-Duitsland. Dat daar

ontwikkeling in die omwerking van eie leed tot selfkennis en 'n 'gelukkige einde' vir Griet is, blyk reeds uit die aanbod van verskillende sprokies en van alternatiewe sprokies, maar ook duidelik in 'n distansiëring van die self, soos in hierdie selfportret:

> Wanneer haar gesig vertrek en haar wange taai word van trane, kyk die storieverteller in haar gefassineerd na die snikkende Griet Swart (143).

8. Skildery?

En as die storieverteller so na die snikkende Griet Swart kyk, is dit nie ook vir die oordeelkundige leser die beste manier van kyk nie – om met distansiëring van die onderwerp na Griet se boek te kyk as 'n woordskildery van ons tyd, iets soos 'n karikaturale fantasietoneel van die Romantiese Francisco Goya of 'n vrolike boeregeselskap of "Dulle Griet" van Pieter Bruegel?

Potchefstroomse Universiteit vir CHO

Resensie

Hans Werkman 1991. De Mérode en de jongens

Baarn : De Prom.

"Je mag de zonde niet openbaren"

- Rolf Wolfswinkel

1. Zedenverwildering

Op 16 februari 1924 schreef het weekblad voor protestants-christelijk Nederland *De Spiegel*: "Onze tijden zijn donker ... Hand over hand neemt de zedenverwildering toe. Ook ons vaderland ontkomt er niet aan, wie oogen en ooren heeft, kan het opmerken."

De Spiegel stond niet alleen in zijn verontrusting over het toenemende zedenbederf; het gevoel dat de traditionele christelijke waarden aan bedreiging bloot stonden, was algemeen aanwezig in de jaren twintig en dertig van deze eeuw. Er werd veel over geschreven en over de gevolgen gespeculeerd, maar volgens een verslag in de *Leeuwarder Kerkbode* van 8 november lagen de oorzaken voor de hand: "Zoekt men naar de oorzaak, dan wordt vooral op het gezin gewezen, de slapheid der ouders en zedelijk verderfelijke lectuur ... Ook tegen een ander mode-idee heft spreker dan waarschuwend den vinger op, de door velen zoo luid aangeprezen sexueele voorlichting."

Het is duidelijk: wanneer overheid, kerk en opvoeders niet voortdurend paraat zijn, slaan verwildering en verloedering onmiddellijk toe. Het verklaart de paniek en onthutsing, toen in datzelfde jaar 1924 de Groningse onderwijzer Willem Keuning, die onder de schuilnaam Willem de Mérode als dichter enige faam genoot, wegens paedofilie tot acht maanden gevangenisstraf werd veroordeeld. Voor het gereformeerde volksdeel van het verzuilde Nederland toonde deze zaak aan dat het bederf ook in de eigen kring al had toegeslagen en hoezeer waakzaamheid geboden was. Deze verzuiling – de opsplitsing in een aantal levensbeschouwelijke compartimenten of 'zuilen' – had Nederland verdeeld in een vijftal hoofdrichtingen: de katholieke, de gereformeerde, de vrijzinnig-hervormde, de algemene of liberale en de sociaal-democratische zuil, allen met hun eigen krant, eigen kerk, eigen jeugd- en sportverenigingen, eigen scholen en al spoedig ook de eigen omroep. Men leefde met en in de eigen zuil; het was mogelijk, met name in verafgelegen plattelandsdorpen, om nooit met andersdenkenden in aanraking te komen. De Mérode was onderwijzer in het Groningse Uithuizermeeden, aan de gereformeerde lagere school in die plaats. De consternatie was groot.

2. Onvermoeibaar biograaf

Willem Keuning of De Mérode, de schuilnaam die hij koos als eerbewijs aan de door hem

bewonderde balletdanseres Cleo de Mérode, heeft in Hans Werkman, geboren in 1939 – hetzelfde jaar dat De Mérode overleed – in Uithuizermeeden, waar De Mérode tot 1924 onderwijzer was, een onvermoeibaar biograaf gevonden. Eerder, in 1971, publiceerde Werkman *Het leven van Willem de Mérode*, wat later een voorstudie zou blijken voor het veel uitgebreidere *De wereld van Willem de Mérode* uit 1983, hij stelde met Gerrit Borgers en Gerrit Kamphuis het Schrijversprentenboek *Willem de Mérode* samen en verzorgde een aantal uitgaven en bloemlezingen van de poezie van De Mérode, o.a. *De witte roos* uit 1973, de *Chinese gedichten* uit 1980 en de *Verzamelde gedichten* uit 1987. Daar is dan nu *De Mérode en de jongens* bijgekomen (1991).

Het is een boek dat Werkman, geen onbekende voor lezers van *Literator*, zelf ziet als een "vervolg en een aanvulling" op dat van 1983. Deze aanvulling was nodig, onder meer omdat na 1983 nieuwe bronnen beschikbaar zijn gekomen en Werkman gesprekken kon voeren met een aantal van de jongens, die destijds de lievelingetjes van de schoolmeester waren. Bovendien konden zo een aantal onbekende en herontdekte gedichten van De Mérode worden gepubliceerd. Voor zover Werkman heeft kunnen nagaan, heeft De Mérode maar liefst 95 gedichten aan zijn jonge vrienden opgedragen. Een groot aantal van deze gedichten verschijnen hier voor het eerst. Wie waren deze vriendjes en hoe groot was de invloed van De Mérode op hun leven? In de ondertitel van het boek is sprake van "biografische fragmenten", waarmee de schrijver wil aanduiden dat er geen onderlinge samenhang is. De enige rode draad is De Mérode zelf.

3. "De nooit genezen wond"

Dat De Mérode zich al vroeg bewust was van zijn verboden homo-erotische belangstelling voor kleine jongetjes, blijkt uit een vroeg gedicht, opgenomen in *De witte roos*, "Eenzamen", waarin hij zichzelf, en anderen die net zo zijn als hijzelf, beklaagt. Hij vraagt zich af of er groter nood kan zijn dan die van een eenzaam en bevreesd man "in liefdes lusthof." Hij mag de "martelende pijn" aan niemand laten zien en krimpt "van de nooit genezen wond, die staag blijft bloeden."

Een gedicht met een opdracht verwijst naar een biografisch gegeven. Wat is de waarde daarvan? Dragen deze gegevens iets bij aan onze kennis over De Mérode, die werd gezien als de belangrijkste dichter van de z.g. Jong-Protestanten? Een groot gedeelte van Werkman's boek houdt zich bezig met het zoeken naar een antwoord op deze vragen.

Het is handig dat Werkman uit hetzelfde dorp, Uithuizermeeden, afkomstig is als waar De Mérode woonde, toen hij zijn homosexuele handelingen met een minderjarige pleegde. In het verslag van de gesprekken met de, inmiddels bejaarde, boerenzonen, staan geregeld ontboezemingen, waarvan het moeilijk voorstelbaar is dat deze ook gedaan zouden zijn tegen een 'buitenstaander'. Zo lezen we in het gesprek met Jopie Beuk (door Werkman aangeduid als Jopie II, ter onderscheid van andere Jopies, zoals er ook meerdere Japies waren):

> Ik kwam toen regelmalig bij meester Keuning op z'n kamer. Er waren geen verkeerde dingen. Wel kan ik achteraf zeggen dat hij mij wat aanhaalde. Zoals hij me vastpakte, dat zei me later meer. Ekko Ubbens kwam veel bij hem. Op een keer haalde die hem met een slee van de trein. Ik zag het, wij woonden vlak bij het station, en ik was zo jaloers, want ik hield ontzettend veel van hem. (p. 69)

Niet bepaald de toon van iemand die voor het leven is getekend door een negatieve jeugdervaring. Niettemin is deze Jopie II van mening dat over het schandaal niet geschreven moet worden, ook nu nog niet. Op dezelfde pagina zegt hij:

> De zonde moet bedekt worden. Begrijp je wel hoe verschrikkelijk het voor hem geweest is, wat er gebeurd is? ... Waarom haal je dat allemaal weer op? Je mag de zonde niet openbaren.

Ontroerend is het gesprek met de bovengenoemde Ekko ('Okke' voor De Mérode) Ubbens, de jongen die De Mérode het meest heeft liefgehad. Aan hem zijn de meeste, namelijk 25, gedichten opgedragen. Hij is De Mérode's muze, wat meteen al blijkt uit het oudste aan hem opgedragen gedicht, gedateerd 26 april 1917. Okke was toen bijna elf jaar oud:

> O, dit geluk bij u te zijn
> En al het andre te vergeten.
> Alleen te leven van het weten:
> En ik ben de uwe en gij zijt mijn!
>
> En geen verdriet of wenschen meer;
> Een vree, waaruit men niet kan dwalen;
> Een rustig hoorloos ademhalen
> In zuivren keer en tegenkeer.

Ook in Okke's relatie met 'meester Keuning' is nooit iets onwelvoeglijks voorgevallen, het bleef bij door de haren strijken, samen een boek bekijken en een enkele keer samen naar een concert. Toen Ubbens van De Mérode's misstap hoorde, wilde hij niets meer met hem te maken hebben. Na 1924 heeft hij hem nooit meer ontmoet, maar later kwam hij tot inkeer en had hij spijt van zijn koppigheid. In een toespraak ter gelegenheid van de honderste geboortedag van De Mérode in 1987, sprak de 81-jarige Ubbens een herdenkingsrede vol zelfbeschuldiging uit, waarin hij zei "ook als heterofiel tegen al de geboden van God" gezondigd te hebben.

4. Beter alleen op de brandstapel

Behalve de hoofdstukken over de jongensliefdes, waar terecht de meeste aandacht aan wordt besteed, behandelt Werkman nog andere verwikkelingen uit het leven van De Mérode. Zo lezen we o.a. over de moeilijkheden rondom de publicatie van *Ganymedes*, de mooie, door Zeus van de aarde weggeroofde herdersjongen; over de merkwaardige schrijfster Wilma Vermaat, die voor De Mérode een soort biechtmoeder is geweest; over de gespannen verhouding met zijn beide broers, die in het uitgeversvak waren gegaan en als Bosch en Keuning uit Wageningen, respectievelijk Zomer en Keuning uit Baarn bekendheid genoten; en tenslotte over zijn verbittering en verkettering van de vakbroeders uit de kring van de Jong-Protestanten. Werkman citeert een aantal hekeldichten, waarin De Mérode collega's als Gerrit Kamphuis, Klaas Heeroma en Jan H. de Groot aanvalt. Hij verwijt ze dat ze zich niet serieus genoeg bezonnen op de vraag naar de betekenis van het Christelijk geloof, dat ze onder het masker van het Christendom zich distantieerden van de normen die dat stelt ten opzichte van goed en kwaad. Uiteindelijk prefereert hij een plaats "alleen op de brandstapel" boven gemarchandeer en gemakkelijk engagement.

5. Wie is wie?

Voor degenen die al eerder kennis namen van Werkman's biografie van De Mérode uit 1983, bevat *De Mérode en de jongens* behalve bekende, ook veel interessante nieuwe feiten. De in sociale geschiedenis geïnteresseerde lezer komt eveneens ruim aan zijn trekken: zonder sensatie wordt de lezer een kijkje gegund op de vooroorlogse protestants-christelijke bigotterie en onderlinge tegenstellingen.

Een nadeel is echter dat het boek zonder kennis van de eerdere biografie moeilijk leesbaar is. De vele namen, die niet of nauwelijks worden toegelicht, maken het daarnaast voor de niet-ingewijde wenselijk er een gratis "Wie is wie in Christelijk Nederland" bij te leveren.

Willem de Mérode is na zijn dood in 1939 een tijd lang in de vergetelheid geraakt. In de stormen die na de Tweede Wereldoorlog door de Nederlandse poëzie raasden, was voor zijn schuchtere geluid weinig gehoor. Dat in de zeventiger en tachtiger jaren nieuwe belangstelling ontstond voor de paedofiele schoolmeester uit het Noorden, kan behalve aan de opbloei van interesse voor homosexualiteit in het algemeen, in het bijzonder worden toegeschreven aan de inspanningen van Hans Werkman. Hadden maar meer Nederlandse schrijvers dergelijke ijverige en toegewijde biografen!

Universiteit van Kaapstad

Resensie

Hans du Plessis 1992. En nou Afrikaans?

Pretoria : J.L. van Schaik. 55 pp.

- G.J. van Jaarsveld

Hierdie boekie van Hans du Plessis is deel van die debat oor tale in die nuwe Suid-Afrika – 'n debat wat volgens Du Plessis moet voortgaan, want as ons nie bly praat nie, bly daar van 'n nuwe land en versoening niks oor nie.

Een van die belangrikste temas in die boekie is dié van gesindheid. 'n Taal en sy voortbestaan is 'n kwessie van gesindheid en nie van mag nie. Miskien is Afrikaans nog te veel vasgevang in sy ideologiese verlede (p. 17), maar eintlik is die taalgesprek ook 'n mensgesprek, want taal en mens is immers nóú verbonde en mense se toekoms is dus ook die taal se toekoms (p. 4,12). Daarom dat 'n taalbalans in Suid-Afrika 'n balans op politieke front impliseer.

Dat debat nodig is, is duidelik vir enigeen wat Afrikaans na aan sy hart het, veral in die lig van gevaarlike uitsprake soos 'Engels en daarna die ander tale'. Die Afrikaanssprekende moet meepraat in die debat oor die toekoms van Afrikaans en nie net ekskuus sê nie. Een van die vernaamste aspekte van die gesprek moet wees om die houdings oor die simbool Afrikaans en die stereotipes oor Afrikaans (p. 39) te verander. Dit is dan ook een aspek van die herdefiniëring van Afrikaans wat nie net beteken 'n herdefiniëring van buite – Afrikaans is my kosbare besit en ander moet dit besef – nie, maar ook 'n herdefiniëring van myself, 'n besef van die klowe tussen Afrikaanssprekers as gevolg van apartheid en 'n deelword van die groter Afrikaanse gemeenskap, om te verwerk wat gister en eergister gegeld het (p. 42, 44) sodat wat in Namibië gebeur het, nie ook in Suid-Afrika gebeur nie.

In die lig van bogenoemde betoog Du Plessis dat Afrikaans se voortbestaan nie afhanklik is van grondwetlike beskerming nie. Op grond van sy uitstekende bewese prestasies behoort Afrikaans sterk genoeg te wees om homself te handhaaf in 'n nuwe Suid-Afrika en dit moet in die taledebat punte tel. Afrikaans het 'n beduidende aantal moedertaalsprekers en het reeds uitmuntend presteer op hoëfunksieterreine. Die Afrikaanssprekende moet verder die reg hê om aan 'n nuwe Suid-Afrika te help bou in sy moedertaal. In die laaste hoofstuk kulmineer hierdie uitgangspunte in 'n voorstel van 'n taalplan met vyf amptelike tale, waaroor verdere gesprek gevoer sou kon word.

Alhoewel die boekie populêr geskryf is, weerspieël dit die denke van iemand wat goed onderlê is in taalbeplanning en sosiolinguistiek. Uitsprake wat belangrik is vir enigiemand wat verder oor Afrikaans en sy toekoms wil dink of praat, kom deurgaans voor:

* Afrikaans is nie die sondebok van die politieke mistasting van apartheid

* Afrikaans is nie die sondebok van die politieke mistasting van apartheid nie. (p. 11,18)
* Baie Afrikaanssprekers aanvaar Engelse imperialisme. (p. 17)
* Afrikaans is die derde grootste moedertaal en word deur meer mense verstaan en gepraat as enige ander taal in Suid-Afrika. (p. 31)
* Afrikaans is nie 'n minderheids- of streekstaal nie. (p. 11)
* Afrikaans het een van die grootste taalprestasies van die jongste eeu gelewer. (p. 14)
* Afrikaans bestaan voort as gevolg van die omgangsgebruik van al sy sprekers. (p. 19)
* Afrikaans lewe juis omdat hy 'n stuk van Afrika in hom opgeneem het. (p. 27)
* Meertaligheid in Suid-Afrika is 'n bate en nie 'n las nie. (p. 47)
* Dit is 'n mite dat Afrikaans se toekoms *per se* bedreig word deur 'n demokratiese en nie-rassige veranderde Suid-Afrika. (p. 36)

Alhoewel 'n mens nie oral met Du Plessis hoef saam te stem nie, prikkel die boekie 'n mens tog om weer 'n slag te dink oor Afrikaans, sy waarde en toekoms. 'n Mens sou graag wou sien dat nie net taalbeplanners die boekie lees nie.

Universiteit van die Oranje-Vrystaat